

Inhoud Hierdie preek wys hoe Dawid soek na 'n gevoel, gedagte, ervaring, plek en gebeurtenis waar God nie sou wees nie, net om te ontdek dat hy altyd en orals ingesluit is in God se omvouende liefde van voor en agter . Ps. 139

Skriflesing Ps. 139

Teks Ps. 139: 8 “ Klim ek op na die hemel - U is daar; gaan lê in die doderyk – ook daar is U.

Tema God omvou ons altyd en orals, van voor en agter in sy liefde.

1. God is altyd met ons in sy liefde! In niks en nêrens kan God vir ons die afwesige God wees nie. Só word God in Ps. 139 openbaar.

God omsluit ons van alle kante in sy troue liefde. Hy hou ons vas in sy liefde op so 'n wyse dat ons altyd in Hom geborge is. “ Van agter en van voor omsluit U my” is die geloofsbelydenis dat oral waar ek was en oral waar ek sla wees, is ek in God se omhelsende liefde.

Dawid soek in hierdie Psalm ma 'n moontlike tyd, oomblik of geleentheid in homself en in die skepping waarin hy die ontdekking kan maak dat hy godverlate was, waar God om nie in sy liefde van voor en agter omvou het nie.

Die eerste plek waar hy gaan ondersoek instel of Hy nie sonder God is nie is in die diepste innerlike van sy eie menswees. Die mens se siel, sy diepste innerlike was volgens die mening van die tyd van Dawid gesetel in sy niere. Die niere is gesien as die kern en setel van jou menswees.

In hierdie soeke bely Dawid dan dat dit God is wat sy niere geskep het, sy diepste innerlike mens wees en omdat god dit geskep het kan dit onmoontlik 'n plek wees waar God afwesig is.

2. Die tweede plek waar hy na God se afwesigheid gaan soek, is die innerlike motivering en bedoeling van mense in hulle optrede – hulle gaan sit en opstaan.

Hier vind Dawid in die geloof dat God sy sit en opstaan ken. God ken my as mens só dat Hy weet waarom en hoekom en doen wat ek doen. En Hy ken my só omdat ek binne sy omvoude liefde leef.

Daarom is God ook binne in my gedagtewêreld: “ U verstaan van ver af wat ek in gedagte het.” Voor ek nog weet wat ek bedink en seker is oor wat ek dink, deel God dit met my.

Dawid kan nie in sy hele hart, siel of verstand God afwesig vind of maak nie. Dit is die geloofsvinding in sy selfpeiling.

Wat maak God daar in die diepste van my menswees, in die heimlikheid van my innerlike bedoelings en motiverings, en in die privaatheid van my gedagtes?

Hy beset nie my innerlike menswees nie

Hy verdring my nie uit my eie motiverings en bedoelings nie.

Hy oorheers en onderwerp nie my gedagtes aan sy mag nie.

Hy omvou my van voor en agter met sy troue liefde sodat ek in my innerlike as mens in hom geborge is.

3. Dawid soek en kry ook nie in een deel van sy lewenspad en die verloop van sy lewe waarin God een of ander tyd die afwesige God was of kan wees nie – soos hy dit stel my omswerwinge en waar ek rus, U het dit afgemeet.”

Daar was nie oomblikke waarin hy gestres moes trek en rondtrek, op pad was na onsekere bestemmings waar God vir hom afwesig was en ook nie oomblikke waarin hy die rus van sy bestemming gebind het nie.

Dit is ‘n waanbeeld dat God in ons onsekere wisselvalligheid afwesig is en eers teenwoordig word waar ons rustigheid in onself vind. Ons vind God nie in innerlike rustigheid nie. Hy is God wat my van voor en agter in liefde omvou in my omswerwinge en rus, waar ek rondval in my werk of rustig raak in my voorspoed en geluk.

Dawid maak daarom ook die ontdekking dat wat hy afgemeet het met sy beplannings en uitgevoer het, het God reeds vir hom uitgemeet in sy voorsienigheid.

Só uitgemeet dat in alles wat hy afgemeet het deur God se troue liefde omvou was. Só is God God met my op al my lewenspaaie en al die afdraaie op ,y lewenspad.

Daar is geen plek buite die skepping waar God nie deel is van wat ek voel, dink, deurleef of is waarin ek nie in God se liefde omsluit is nie. Dit bely Dawid met die woorde: “Klim ek op na die hemel - U is daar; gaan lê in die doderyk – ook daar is U.”

Die mens kan nie ‘n hemel buite die kosmos vind waar god nie is nie en ook nie ‘n doderyk buite die skepping vind waar God nie is nie.

Na die hemel en na die doderyk lei God my met sy hand en versorg en beskerm Hy my met sy regterhand sodat ek in die hemel en in die doderyk veilig in sy omvouende liefde van alle kante is. Hy lei en versorg ons in die doderyk in en Hy lei en versorg ons in die hemel in sodat daar geen plek buite die skepping is waar ek God se liefde kan ontvlug nie.

4. Die laaste twee plekke wat Dawid ondersoek om te kyk of God nie dalk daar afwesig is nie, is angst en alleenheid.

Dawid noem angst donkerte, nag en duisternis.

Maar dan gee hy 'n besondere beskrywing van die werking van angs in mense se lewe. Angs word die toevlugsoord waarin hy homself wil verberg. Hiermee verwoord hy dat hy sy angs gebruik as 'n veilige heenkome. Dit is iets anders as wat ons gewoonlik oor angs dink. Ons dink angs is hierdie magteloosheid wat ons oorval en gevange neem. Hy wys dat mense dit ook as 'n veilige heenkome gebruik. Want in die selfingekeerdheid van angs vind 'n mens die ontvlugting om iemand anders as jouself te moet vertrou en in die selfingekeerde waanbeelde van jou angs is jy veilig van die werklike uitdagings van die lewe en in beheer van gewaande beelde omdat jy werklike verantwoordelikhede ontvlug.

Daarom word sy angs sy heenkome in die versugting: "as duisternis my maar net wil verberg en die lig vir my nag word."

Teenoor hierdie gewaande afwesigheid van God in sy selfisolasië en selfingekeerdheid in angs bely Dawid dan god se teenwoordigheid in sy omvouende liefde op 'n besondere wyse.

God is nie die God van my angs en word ook nie die afwesige God wat ek in my angs voel nie. Die nag, donkerte en duisternis van my eie angs is vir God die lig waarin Hy sien en weet hoe om God te wees wat my in sy liefde omvou al kan ek dit in my eie angs nie aanvoel en ken nie. My nag is nie God se nag nie. My donkerte is nie god se donkerte nie. My duisternis is nie God se duisternis nie.

Vir Hom is dit die lig waarin Hy weet hoe om my van alle kante in sy troue liefde te omvou.

5. Dawid gee ook 'n besondere beskrywing van alleenheid.

Angs is net 'n gevoel van alleenheid, maar dit is nie. Alleenheid is 'n ander werklikheid as die gevoel van selfisolasië in angs.

Die verrassing in die Psalm is dat Dawid op die alleenheid van die doodsoomblik en dood wys deur dit te vergelyk met die alleenheid van 'n mens wat in sy moederskoot gevorm word in die oomblik van konsepsie.

Hy noem die moederskoot, die baarmoeder, "in die dieptes van die aarde."

'n Oomblik net tussen 'n mens en God, mens alleen met sy Skepper, daar waar net god die DNA van 'n nuwe mens kunstig aanmekaar weef. Net hy weef, net hy vorm uit vormloosheid (vers 16) 'n nuwe persoon nog voor enige iemand anders jou kan ken, beïnvloed of vorm. Daar diep in die donkerte van jou moederskoot waar nie die ma wat jou dra of die pa wat jou verwek het met jou kan wees nie. Daar waar net jy en jou Skepper in die oomblikke van mensword alleen was, daar het Hy toe al jou van voor en agter met sy liefde omvou.

Met hierdie alleen oomblik – skeppingsoomblik - tussen mens en god wys Dawid wie is god in die doderyk. Soos God in die donkerte diepte van jou moederskoot, die aarde, met sy liefde omvou het, net só omvou Hy jou in die donkerte van die doderyk. Só bly God vir jou God in hierdie donkerte – Hy bly jou omvou in sy liefde van voor en van agter.

Die dood is op hierdie wyse 'n skeppingsoomblik tussen jou en god. Hy het jou ingeweef in die ewige lewe in sodat jou doodsoomblik die voortsetting van en deurgang tot jou ewige lewe in God se troue liefde is.

Daarom maak God van die noodkrete van babas omdat hulle skielik uit waarin hulle gevoed en veilig was die oomblik waarin hulle hul lewe met god in sy omvouende liefde op aarde buite die moederskoot begin leef. Net so maak God se omvouende liefde van voor en van ons sterwenskrete die oomblik waarin ons ewige lewe met hom voortgaan in die hemel bestem vir die nuwe aarde.

6. Daarom is alleenheid nooit Godloosheid nie.

Volgens die openbaring in Psalm 139 is my alleenheid dae wat God vir my beplan het om in sy omvouende te wees toe ek of enige iemand anders saam met my was nie. My lewe is uitgelê in God se gedagtes om my altyd en orals, van voor en agter in sy liefde te omvou. My lewe is nie vasgelê in my eie gedagtes nie.

Die Psalm gaan juis oor die kontras tussen ons eie ontstellende gedagtes oor onself, ons lewe, ons geliefdes, ons toekoms en einde (vers 23) en God se kosbare gedagtes om my in alles en altyd in sy troue liefde te omvou. (vers 17)

Dawid bid só dat God my die mens sal wees wie ek in sy gedagtes is en nie die alleen mens sal wees wie ek in my eie ontstellende gedagtes is nie.

Só het en sal God tannie Ansie altyd in sy liefde van voor en agter omvou. Hy bly vir haar altyd die teenwoordige god en sal in niks en nêrens vir haar die afwesige god wees nie, ook nie in die dood nie.

Sy was nooit godloos nie. Nie in haar oomblik van konsepsie nie en ook nie in haar sterwensoomblik nie. Daar waar sy alleen was, het Hy haar in sy liefde van voor en agter omvou.

In al haar oomblikke van angs deur haar hele lewe en ook die angs van haar doodsyding, het God haar van voor en agter in sy liefde omvou.

Op al die paaie wat sy gewandel het, haar paaie as kind waar sy rondgeswerf het en in Levubu waar sy rus gevind het, het God haar omvou in sy liefde van voor en van agter.

Sy was altyd die mens wie god haar in sy gedagtes gehad het en nooit die mens volgens haar eie ontstellende gedagtes nie. Sy was, en is en sal altyd omvou word in god se troue liefde.

7. Só kan ons van haar vandag afskeid neem.

Wanneer ons berus in God wat haar nou nog en ewig met sy liefde van voor en agter sal omvou, kan ons ophou om haar nog in ons liefde te probeer omvou.

Dan kan ons ons liefde waarmee ons haar tot die einde gekoester het as kosbare oomblikke vashou, sonder dat ons nog voel om haar in ons liefde lewend en veilig te hou. Dit doen God se omvouende liefde met haar, nie ons liefde nie.

Ons kan berus, sy is omvou.

Net so kan ons berus i die leegheid in ons eie arms – die leegheid van 'n liefde wat nie meer kan vashou, troos en beskerm nie. Want ons leegheid is nie haar of ons verwesenheid nie.

God hou haar in die dood van voor en agter in sy liefde vas en omvou ons ook in ons rou en seer in sy liefde. God is altyd en orals met Hom en so is ons ons liefde vir God en ons altyd behoue.

Kom ons gee haar en onself oor aan God se omvouende liefde.